LAERSKOOL HARTENBOS

Taalbeleid

1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van Laerskool Hartenbos wat op 31 Januarie 2013 deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig.

3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal/tale van onderrig van die skool.

4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n enkelmediuminstelling.
Die taal van onderrig is Afrikaans van graad R tot graad 7.

5. Bevordering van veeltaligheid

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal ook Engels as volwaardige taalvak by die skool aan te bied.
Dit geskied soos volg:
Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:
Enkelmediumskool:
Afrikaans as Huistaal
Engels as Eerste Bykomende Taal

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

Opgestel deur:

Beheerliggaam van Laerskool Hartenbos

Datum opgestel: Augustus 2021

Implementeringsdatum: 1 September 2021

Geteken deur:

.....
VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM

19 AUG 2021
.....
DATUM

.....
SKOOLHOOF

****